# AFO FOTOGRAFIEKLUB HUISREëLS

**Laaste opdatering 11 Feb 2018**

## 1 KLUBAANDE

### 1.1 VERGADERINGS

Tensy anders gereël soos tydens skoolvakansies, word klubaandvergaderings op die eerste Maandag van elke maand gehou. Vergaderings begin stiptelik om 19:00 en duur tot ongeveer 21:30.

### 1.2 KOMMUNIKASIE

Kommunikasie aan lede geskied deur middel van epos en op die AFO webwerf by www.afo.co.za. Lede kan by info@afo.co.za met enige lid van die komitee kommunikeer.

## 2 LIDMAATSKAP

### 2.1 LEDEGELDE

2.1.1 Ledegelde is betaalbaar vir 'n kalenderjaar (1 Januarie tot 31 Desember) en bestaan uit die volgende komponente:

i) Intreegelde wat eenmalig by aansluiting betaal word;

ii) Jaarlikse ledegeld: deelnemende lede en nie-deelnemende lede, bv. die tweede lid van 'n gesin wat slegs klubaande bywoon (hulle betaal minder);

iii) 'n Addisionele heffing wat die bestuur kan vra vir enige jaar vir bepaalde doeleindes.

2.1.2 Nuwe lede wat na 30 Junie aansluit betaal 50% van die jaarlikse ledegelde. Intreegelde bly dieselfde.

2.1.3 Ledegelde is binne die eerste drie maande van die kalenderjaar betaalbaar. Indien ledegelde nog nie vereffen is op 30 April nie, verval lidmaatskap outomaties.

2.1.4 Lede wat 10 jaar en langer lid is van AFO en wat 60 jaar en ouer is, sal geregtig wees op 'n korting op jaarlikse ledegelde.

2.1.5 Raadpleeg die AFO-webwerf vir die nuutste ledegelde.

2.1.6 Individuele klublede behoort ook lede te word van die PSSA (Photographic Society of South Africa). Kyk by www.pssa.co.za

2.1.7 PSSA affiliasiefooie vir fotografieklubs is ook deur elke klub betaalbaar. Hierdie fooie word deur die PSSA vasgemaak en jaarliks deur AFO se tesourier aan die PSSA oorbetaal.

## 2.2 STERSTELSEL

AFO maak van 'n sterstelsel vir gradering en bevordering gebruik. Afgesien van 'n paar geringe aanpassings stem die stelsel ooreen met die stelsel wat deur die PSSA aanbeveel word.

## 2.3 GROEPSINDELING

### 2.3.1 Groepe

Vir kompetisie- en bevorderingsdoeleindes word lede in een van die volgende groepe geplaas:

**Vyf Stergroepe:**

1 Ster; 2 Ster; 3 Ster; 4 Ster en 5 Ster.

**Vyf Meestergroepe: (M)**

Meester Brons; Meester Silwer; Meester Goud; Meester Platinum en Meester Diamant.

**Vyf Senior Meestergroepe: (SM)**

SM Brons; SM Silwer; SM Goud; SM Platinum en SM Diamant.

**Vyf Groot Meestergroepe: (GM)**

GM Brons; GM Silwer; GM Goud; GM Platinum en GM Diamant.

**Vyf Ere Meestergroepe: (EM)**

EM Brons; EM Silwer; EM Goud; EM Platinum en EM Diamant.

### 2.3.2 Nuwe lede

i) Aansoek om lidmaatskap moet op die voorgeskrewe vorm geskied (kyk op die AFO webwerf onder SLUIT AAN). Stuur die voltooide en getekende vorm dan saam met bewys van elektroniese oorbetaling van die toepaslike intree- en ledegeld aan die tesourier. Die besonderhede is alles op die aansoekvorm.

ii) 'n Nuwe lid wat nie voorheen lid van 'n ander fotografieklub was nie, sal outomaties in die 1 Stergroep geplaas word. Indien hy of sy vorige fotografie ervaring het, kan 'n portefeulje van 12 beelde aan die bestuur voorgelê word.

Die bestuur sal dan op grond hiervan 'n plasing in ‘n stergroep doen. Die bestuur se besluit is finaal.

iii) 'n Nuwe lid wat voorheen lid van 'n ander klub was of is, sal by AFO in dieselfde groep geplaas word as waarin die lid in die vorige klub was of is, mits die lid se aantal salonpunte voldoende is - waar dit ‘n vereiste is. So ‘n lid sal die volgende besonderhede moet voorlê vir AFO se bevorderingsrekords:

- Naam van die klub waarvan hy of sy voorheen lid was
- Die lid se huidige status (stergradering) in daardie klub
- Jaar en naam van elke salon, met aanduiding of dit ’n nasionale of internasionale salon was
- Titel van elke salonaanvaarding.

iv) Aan die hand van bogenoemde gegewens sal AFO dan kan finaliseer in welke groep die nuwe lid geplaas kan word. Hy/sy sal in die groep sonder goue krediete en sonder klubpunte begin, maar aangesien salonpunte permanent en ophoopbaar is, sal die nuwe lid wel met die volle aantal salonpunte gekrediteer word.

## 3 MAANDELIKSE KLUBWEDSTRYDE

### 3.1 KOMPETISIEJAAR

Die 2017-2018 fotografie kompetisiejaar strek vanaf 1 Oktober 2017 tot 30 Junie 2018 om te konformeer met die PSSA fotojaar. Daarna sal 'n AFO kompetisiejaar strek vanaf 1 Julie tot en met 30 Junie van die daaropvolgende jaar. Daar is dus ‘n totaal van 12 klubaande per fotografiejaar.

### 3.2 DIGITALE BEELDE

Net digitale beelde word by AFO beoordeel.

### 3.3 AANTAL INSKRYWINGS

#### 3.3.1 Klubwedstryde

i) Elke lid mag 'n maksimum van 3 digitale beelde inskryf. Geen beeld mag meer as een keer by 'n klubaand ingeskryf word nie.

ii) Amper-duplikate (sg susterbeelde) van beelde wat voorheen ingeskryf was word ook nie toegelaat nie. Beelde wat voorheen in reekse of mini-reekse gebruik is, mag wel weer ingeskryf word.

iii) Nog ‘n uitsondering geld vir die Ses-van-die-bestes kompetisie (verwys na paragraaf 4.4.6), wat aan die einde van elke fotografiejaar aangebied word. Tydens hierdie kompetisie mag slegs “ou” beelde wat die afgelope 12 maande reeds vir klubkompetisies ingeskryf was, weer ingeskryf word. Drie buite-beoordelaars word vir die Ses-van-die-bestes kompetisie gebruik. Lede

moet seker maak dat van die vorige jaar se beelde nie weer ingeskryf word nie.

### 3.3.2 Beoordelaars

Wanneer 'n klublid optree as beoordelaar mag hy/sy nie self daardie maand vir die klubaand inskryf nie. Sy/haar direkte familielid/lewensmaat mag dan ook nie foto's inskryf nie. Die lid wat beoordeel en sy/haar direkte familielid/lewensmaat wat 'n aktiewe klublid is, sal dan drie of vier (as daar 'n spesiale onderwerp beoordeel word die aand) goud aanvaardings en nege of twaalf jaarpunte ontvang in lyn met die gebruik by salonbeoordeling.

## 3.4 INSKRYWINGSVEREISTES

### 3.4.1 Aanbieding

i) Alle inskrywings vir AFO klubaande en AFO klubkompetisies moet volgens die nuwe HD formaat ingeskryf word – 1920 x 1080 pixels en 'n maksimum grootte van 2 Mb.

ii) 'n Digitale beeld in portretformaat se langste sy mag nie meer as 1080 pixels groot wees nie.

iii) 'n Digitale beeld in landskapformaat se langste sy mag nie meer as 1920 pixels groot wees nie. Die kort sy moet 1080 pixels of minder wees.

iv) Stoor enige elektroniese beeld in die *.jpg formaat nie groter as 2Mb nie.

### 3.4.2 Inskrywing

i) Digitale beelde kan slegs elektronies op die internet ingeskryf word dmv Photovault by www.photovaultonline.com

ii) Gaan kyk by SKRYF IN op die AFO webwerf by www.afo.co.za hoe om jou beelde voor te berei vir inskrywing. Die Photovault-aanwysings is ook daar te kry.

iii) Laai jou beelde op en skryf dit in op Photovault. Let daarop dat die sluitingsdatum vir inskrywings gewoonlik reeds **'n WEEK VOOR** die klubbyeenkoms is.

iv) AFO het tans nege kategorieë waarin lede kan inskryf. Elke maand is daar vyf vaste kategorieë beskikbaar:

- Natuur (geen voëls) – geen manipulasie toegelaat
- Natuur (net voëls)- geen maniplulasie toegelaat
- Landskappe – manipulasie toegelaat
- Piktoriaal Oop – manipulasie toegelaat
- Sport – geen manipulasie toegelaat

'n Sesde kategorie word op 'n roterende basis uit die volgende gekies:

- Monochroom – manipulasie toegelaat
- Menslike portrette – manipulasie toegelaat
- Visuele kuns – manipulasie toegelaat
- Makro – geen manipulasie toegelaat

v) Die volgende definisies geld vir die onderskeie afdelings:

**1. NATURE – including wildlife, mammals, birds, insects. No birds.**

NATURE photography is restricted to the use of the photographic process to depict observations from all branches of natural history, except anthropology and archaeology, in such a fashion that a well informed person will be able to identify the subject material and to certify as to its honest presentation:

- Human elements shall not be present, except on the rare occasion where those human elements enhance the nature story.
- The presence of scientific bands on wild animals is acceptable.
- Photographs of artificially produced hybrid plants or animals, domestic and farm animals, mounted specimens, or obviously set arrangements, are ineligible, as is any form of manipulation that alters the truth of the photographic statement. Manipulation includes but is not limited to adding or removing any element by means other than cropping.
- The faithful representation of what was captured at the time of shooting must be maintained. Digital & printing adjustments are only acceptable if limited to minor cleaning work (removing dust spots), levels, curves, colour, saturation and contrast work, dodging and burning. Sharpening is allowed.
- Compositing, sandwich/montage shots and double exposures are not permitted except for new digital techniques such as HDR, stacking and stitching where the end result is a faithful representation of the original scene. Trigger flash is allowed as long as it was limited to single exposure
- Adding or removing animals, parts of animals, plants, distractions, people etc into/from the image is not allowed.
- Including wildlife, birds, insects (including macro images)
- **No MANIPULATION allowed**
- No scapes allowed
- If the nature image is a manipulated image, it should be entered in the pictorial open category
- Coloured and monochrome images allowed.

**2. NATURE (only birds)**

The same as above, but only images of birds may be in this category.

**3. SCAPES**

A genre intended to show different spaces within the world, sometimes vast and unending, but other times microscopic. A landscape comprises the visible features of an area, including physical elements such as landforms, the sea, living elements of flora and fauna, abstract elements like lightning and

weather conditions. Landscape can also include images where manmade objects or human activities are depicted as part of the landscape, including cityscapes, seascapes with boats etc. and landscapes with rural activities. **MANIPULATION allowed**. Coloured and monochrome images allowed.

**4. PICTORIAL OPEN**

Images with wide visual appeal. Any subject that is treated pictorially, embodying the elements of good design, arrangement or composition, which reflects the personal interpretation of the photographer. **MANIPULATION allowed**. Coloured and monochrome images allowed.

**5. SPORT**

Sports Photography covers any aspect of a sporting event. Images must depict an active pastime or recreation involving physical exertion and/or skill that is governed by a set of rules or customs and often of a competitive nature. Images in this section could include, for instance, the judge or umpire in a sporting event. The level of sport can range from children playing a sport to the Olympic Games. **No MANIPULATION allowed**. Coloured and monochrome images allowed.

**6. MONOCHROME**

Monochrome is a black and white image. A black and white work fitting from the very dark grey (black) to the very clear grey (white) is a monochrome work with the various shades of grey. A black and white work toned entirely in a single colour will remain a monochrome work able to stand in the black and white category. A black and white work modified by a partial toning or by the addition of one colour becomes a colour work (polychrome) to stand in the colour category. **MANIPULATION allowed**.

**7. HUMAN PORTRAITS**

A likeness, personality, and mood of a person/persons where that subject is dominant in the image. Portraiture is not restricted to head and shoulders and may include just a part of the face, a back view or even a full length study. **MANIPULATION allowed**. Coloured and monochrome images allowed.

**8. VISUAL ART**

Visual art photography is a means of expression and a vehicle for the author to make a personal photographic statement - the important part of the definition for Visual Art is that these images should go beyond the straightforward pictorial rendering of a scene. The image does not have to employ derivative or manipulative techniques to be Visual Art. Altered reality and Avant Garde images will also form part of this category. **MANIPULATION is allowed**. Coloured and monochrome images allowed.

**9. MACRO**

Macro photography is extreme close-up photography, where you get close to a small subject by physical or optical means. Starting at approximately 1/4 life size i.e. when the subject being photographed is four (4) times the size of the film frame or digital sensor. There is no limit on the upper end. The size of the subject in the finished photograph is greater than life size. **No MANIPULATION allowed.**

**v) WAT BESKOU PSSA AS MANIPULASIE?**

Manipulation shall constitute any or all of the following modifications to the original image:

- Adding an element to the image that was not contained in the original capture;
- Removing an element from the image that was contained in the original capture;
- Moving or repositioning an element of the image that was contained in the original capture.
  In the categories Nature,Sport and Photo Journalism, manipulation is not allowed. In all other categories, there are no restrictions whatsoever in the way authors choose to post process an image.

  The status quo remains for the following, which enhancements is allowed, and is not seen as manipulation:

- Correction of lens distortion, chromatic aberrations, purple fringing, lens vignette and vertical/horizontal perspective adjustments;
- Removal of dust spots or scratch marks from sensor or scanned images;
- Due to the limitation of digital sensors regarding dynamic range, the blending of different exposures of the same scene to broaden the dynamic range (e.g. HDR);
- Focus stacking to widen the depth of field especially in Macro photography.
  In the case of Nature and Wildlife HDR, stitching for panoramas will not be considered as manipulation and may therefore be used provided that the end result is a faithful representation of the original scene.
- HDR, Stitching and Focus stacking are not allowed in Photo Journalism.

**3.4.3 Eie werk**

Alle inskrywings moet die lid se eie werk wees. Dit sluit die neem sowel as die verwerking van beelde in.

## 3.5 BEOORDELING

### 3.5.1 Riglyne

i) Die beoordelaars weet nie wat outeurs se stergradering is wanneer hulle beoordeel nie. Elke beoordelaar ken 'n punt uit 15 toe vir 'n totale punt uit 45.

ii) Sodra 'n beeld beoordeel is word die toekenning van punte outomaties deur die glyskaal van die elektroniese beoordelingstelsel in 'n Brons-, Silwer-, Goue- of Merietetoekenning omgeskakel, met inagnemeing van die outeur se stergradering.

iii) Dan verskyn die punte, die toekenning (goud, silwer of brons) en stergradering asook die outeur se naam op die skerm (slegs in die geval van 'n goue of meriete toekennings.)

iv) Die glyskaal lyk soos volg:

| AFO glyskaal | Stergroep | Meriete | Goud | Silwer | Brons | Diskw |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 39-45 | 21-38 | 10-20 | - | 9 |
| | 2 | 39-45 | 24-38 | 15-23 | 10-14 | 9 |
| | 3 | 39-45 | 27-38 | 18-26 | 10-17 | 9 |
| | 4 | 39-45 | 30-38 | 21-29 | 10-20 | 9 |
| | 5 | 39-45 | 33-38 | 24-32 | 10-23 | 9 |
| | Meesters | 39-45 | 33-38 | 24-32 | 10-23 | 9 |

D

n Diskwalifikasie punt deur een of meer van die beoordelaars is n punt van 3/15. Indien al drie beoordelaars dan ooreenstem op n diskwalifikasie sal n totale punt van 9/45 toegeken word.

v) Beoordelaars gee dan terugvoer aan lede op grond van hul stergroep en hul kommentaar neem die onderstaande riglyne per stergroep in ag:

**1 Ster:**

Die beginner moet toon dat hy die **tegniese aspekte** van fotografie bemeester het. Inskrywings moet derhalwe **reg belig** en **skerp** (in fokus) wees. Daar moet 'n element van komposisie bestaan en die foto moet skoon en goed aangebied word.

**2 Ster:**

Behalwe bogenoemde vereistes moet die inskrywing ook die **basiese elemente van komposisie** bevat. Dit moet 'n mate van impak hê en die fotograaf moet bewys dat hy kennis het oor hoe en wanneer om te maskeer.

**3 Ster:**

Behalwe die voorafgaande vereistes moet die fotograaf sy inskrywing deur middel van **beligting** en **stemming** verbeter om 'n impak te maak. Hy moet 'n

begrip hê van lyne, volumes en kleurkontraste en die rol wat dit in komposisie speel en ‘n deeglike kennis van maskering.

**4 Ster:**

'n Bykomende vereiste is dat 'n inskrywing voldoende **trefkrag** en **komposisie** moet besit om aan die intreevlak van **nasionale salonstandaarde** te voldoen.

**5 Ster en alle Meestergroepe:**

Inskrywings in hierdie groep moet aan al die vereistes vir aanname van die vorige stergroepe voldoen en aan die intreevlak van **internasionale salonne**.

**3.5.1.1 AFO Appèl stelsel – die “Hawk-eye” stelsel**

- Elke klublid kry 3 kanse per AFO fotojaar om appèl aan te teken oor ‘n spesifieke toekenning van ‘n beeld. (1 appèl per beeld)
- Klubvoorsitter hou rekord van appelle aangeteken.
- Die logistieke sal bygehou word saam met die jaarpunte.
- Indien die appèl suksesvol is en die uitslag van ‘n toekenning verander, sal die lid steeds sy oorspronklike getal appèl geleenthede behou. Indien die uitslag nie verander nie, verloor die lid 1 geleentheid vir elke onsuksesvolle appèl.
  Bv. ‘n Klublid kry 4 x silwer toekennings tydens ‘n klubaand waar daar ‘n voorgeskrewe onderwerp was. Hy/sy kan 3 van die 4 foto’s kies om appèl mee aan te teken en gebruik dus al 3 sy/haar geleenthede. Die paneel van buite-beoordelaars beoordeel die foto’s en 1 se uitslag verander van ‘n silwer na ‘n goud en die res bly silwer. Hy/sy verloor dus 2 van die 3 appèl geleenthede.
- Die nuwe resultaat word aan die lid gestuur en op die puntesisteem reggemaak. Daarna sal die klubaand se uitslae beskikbaar gestel kan word.

**Proses:**

Slegs lede wat ‘n klubaand bywoon kan die bestuur versoek om ‘n foto/s te laat “Hawk-eye”.
Die voorsitter of puntemeester moet direk na afloop van die aand se afsluiting en voordat die lede verdaag in kennis gestel word deur die lid wat ‘n foto/s wil laat “Hawk-eye”.
Die lid moet ook dieselfde aand ‘n e-pos stuur met die foto/s aangeheg aan info@afo.co.za. asook direk na die klubvoorsitter. Indien die tweeledige

proses nie gevolg word nie verbeur die klublid die geleentheid om appèl aan te teken.
Die betrokke foto's word per e-pos aan 'n paneel van buite-beoordelaars gestuur wat dit so spoedig moontlik sal beoordeel.

**Wat dit beteken vir die AFO-uitslae:**

- Indien daar geen versoeke tot appèl is nie, kan die klubaanduitslae dadelik (binne 24 uur) uitgestuur word.
- Indien daar versoeke tot appèl is, sal die uitslae eers later beskikbaar wees.

**Beperkings:**

- Met elke fotojaar kry elke klublid 3 kanse om appèl aan te teken. Hierdie 3 kanse kan nie van 1 fotojaar na die volgende fotojaar oorgedra word nie.
- Kanse om appèl aan te teken kan nie gebruik word tydens die Minireeks kompetisie of Ses-van-die-bestes kompetisie nie.
- Die AFO-bestuur behou die reg voor om enige verandering aan die stelsel te implementeer.

**3.5.2 Puntetoekenning**

**i) Klaspunte Toekennings:**

Brons : 1 punt
Silwer : 2 punte
Goud : 3 punte
Meriete of eervolle vermelding : 5 punte
Afdelingwenners van **elke afdeling afsonderlik**: 1 punt by die punt wat reeds verdien is.
Geen addisionele punte vir Junior en Senior wenners nie.

**ii) Voorgeskrewe onderwerp punte:**

Junior Wenner (1-3 Ster): 1 punt by
Senior Wenner (4-5 ster en Meestergroepe): 1 punt by

**iii) Salonpunte**

| Totale aantal punte toegeken vir: | **Aanvaarding** | **Meriete** | **Medaljes** |
|---|---|---|---|
| Nasionale salonne: | 1 punt | 2 punte | 3 punte |
| Internasionale salonne: | 2 punte | 3 punte | 4 punte |

**iv) Aantal salonaanvaardings**

Alle salonpunte wat 'n beeld in 'n betrokke salonjaar behaal, sal by die klub aanvaar word, nie slegs drie punte soos in die verlede nie.

**v) Punte vir lede wat salonne beoordeel**

’n Lid wat ‘n nasionale salon **beoordeel**, ontvang die punte wat behaal kan word in daardie afdeling van die salon wat die lid beoordeel, naamlik 4 beoordelaars-punte.

‘n Lid wat ‘n internasionale salon **beoordeel** ontvang dubbelpunte, maw 4 beelde per afdeling gee die beoordelaar 8 beoordelaarspunte.

## 3.6 BEVORDERING VANAF 1-STER TOT EREMEESTER DIAMANT

### 3.6.1 Bevordering is afhanklik van die volgende faktore:

i) Goue toekennings: Vir bevordering word 'n bepaalde minimum aantal goue toekennings vereis.

**Na elke bevordering verval alle goue toekennings.**

ii) Klaspunte is die totale puntewaarde van alle brons, silwer, goud, meriete toekennings en klaswenners wat maandeliks vir inskrywings verwerf word.

iii) Salonpunte is die totale aantal punte wat vir salonaanvaardings en alle merietetoekennings en medaljes verwerf word. Salonpunte is ophoopbaar en verval nie. Ten einde verwarring te voorkom word maandeliks in die statistieke steeds die vereistes sowel as die behaalde opgehoopte klas- en salonpunte vermeld.

iv) Dit is elke lid se eie verantwoordelikheid om sy of haar salonuitslae tot die bestuur se beskikking of aandag te stel, vir opdatering van die lid se aantal salonpunte met die oog op bevordering. Die bestuur sal dus geen lid kan bevorder, indien die salonuitslae nie deur die lid tot hulle beskikking gestel is nie!

### 3.6.2 Minimum bevorderingsvereistes

Die minimum bevorderingsvereistes tot ‘n lid na ‘n volgende gradering bevorder word, word in Tabel 1 aangedui.

**TABEL 1: VORDERINGSVEREISTES PER STERGRADERING**

| Bevordering vanaf | Aantal Goud | Klas-punte | Salon punte | Salon punte opge-hoop |
|---|---|---|---|---|
| | (alle punte verval na elke bevordering) | | | |
| 1 Ster tot 2 Ster | 6 | 24 | 0 | - |
| 2 Ster tot 3 Ster | 12 | 48 | 0 | - |
| 3 Ster tot 4 Ster | 24 | 96 | 6 | 6 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 4 Ster tot 5 Ster | 30 | 120 | 19 | 25 |
| 5 Ster tot M brons | 50 | 200 | 60 | 85 |
| M brons tot M silwer | 50 | 200 | 60 | 145 |
| M silwer tot M goud | 50 | 200 | 60 | 205 |
| M goud tot M platinum | 50 | 200 | 60 | 265 |
| M platinum tot M diamant | 50 | 200 | 60 | 325 |
| M diamant tot SM brons | 50 | 200 | 60 | 385 |
| SM brons tot SM silwer | 50 | 200 | 60 | 445 |
| SM silwer tot SM goud | 50 | 200 | 60 | 505 |
| SM goud tot SM platinum | 50 | 200 | 60 | 565 |
| SM platinum tot SM diamant | 50 | 200 | 60 | 625 |
| SM diamant tot GM brons, ens. | 50 | 200 | 60 | 685 |

### 3.6.4 Bevordering en ontvangs van 'n APSSA

Lede aan wie 'n APSSA toegeken is, maar wat nog nie in die drie-ster afdeling is nie, sal outomaties tot drie-ster bevorder word. Indien so 'n lid verder ook voldoende salonaanvaardings het vir bevordering mag die bestuur so 'n lid in 'n hoër afdeling plaas.

### 3.6.5 Bevordering na Eremeester

Om die status Eremeester te verwerf moet 'n lid minstens aan die volgende vereistes voldoen:

i) Hy moet die titel MPSSA in die betrokke afdeling verwerf het;
ii) Hy moet minstens die status "Groot meester diamant" behaal het.
iii) Minstens 5 jaar op AFO se bestuur gedien het;
iv) Na oordeel van die bestuur deur dienslewering aan fotografie die status waardig wees.

## 4 ANDER KOMPETISIES

### 4.1 MINIREEKSKOMPETISIES

'n Minireekskompetisie sal één keer per jaar, gedurende die maand soos deur die bestuur bepaal, gehou word. Foto’s wat voorheen in maandelikse klubwedstryde gebruik is mag weer in die minireekskompetisie gebruik word.

### 4.1.1 Aantal beelde in reeks

'n Minireeks bestaan uit 'n minimum van 3 en ’n maksimum van 5 beelde wat gesamentlik 'n enkel storie uitbeeld, byvoorbeeld:

1ste beeld: die visarend duik af water toe
2de beeld: hy steek sy kloue uit om 'n vis te gryp
3de beeld: hy het 'n vis of hy gryp mis!

4de beeld: hy sit op die tak en vreet aan die vis of hy sit daar droë bek!

### 4.1.2 Aantal reekse

Deelnemers mag slegs een minireeks inskryf.

### 4.1.3 Beoordeling

Minireekse sal soos die res van die beelde by AFO beoordeel word.

### 4.1.4 Toekennings

i) Aan elke minireeks sal 'n toekenning gemaak word, soos volg:

Brons : 1 punt
Silwer : 2 punte
Goud : 3 punte

Meriete of eervolle vermelding : 5 punte

Wenner van minireekse : 1 punt by die punt wat reeds verdien is.

ii) Die punte wat in die minireekse kompetisie verdien is, sal tel vir bevorderingsdoeleindes by die maandkompetisies, sowel as by die jaartotaal gevoeg word as deel van die "Fotograaf-van-die-jaar" kompetisie.

## 4.2 INTERKLUBKOMPETISIES

Dit word van AFO-lede verwag om enige beelde wat by AFO ingeskryf was, beskikbaar te stel vir kompetisies en vertonings.

## 4.3 VOORGESKREWE ONDERWERP KOMPETISIES

i) 'n Voorgeskrewe onderwerp kompetisie sal min of meer 4 keer per jaar plaasvind.

ii) AFO sal die maande wanneer die kompetisie plaasvind en die onderwerpe van tyd tot tyd op die webwerf publiseer. Hoe die Jaarprogram dop.

iii) Lede sal 1 beeld in die betrokke afdeling kan inskryf.

iv) Die punte wat verdien word sal vir bevorderingsdoeleindes deel van die maandkompetisie vorm.

v) Beelde wat reeds by gewone klubwedstryde ingeskryf was mag nie weer vir doeleindes van voorgeskrewe onderwerpe gebruik word nie. Andersom mag ’n beeld wat as ’n voorgeskrewe onderwerp ingeskryf was, nie weer ingeskryf word by klubwedstryde nie.

## 4.4 SES-VAN-DIE-BESTES KOMPETISIE

4.4.1 Die doel van hierdie kompetisie is om aan soveel moontlik AFO-lede blootstelling en erkenning te gee deur toekennings te maak.

4.4.2 Die Ses-van-die-Bestes kompetisie is AFO se belangrikste kompetisie en vind plaas voor die einde van Junie.

4.4.3 Tydens die kompetisie sal alle AFO-lede teen mekaar kompeteer om sertifikate en medaljes. GEEN salonpunte sal toegeken word nie. Geen jaarpunte of bevorderingspunte sal toegeken word nie.

4.4.4 Lede kompeteer teen mekaar in die spesifieke stergroep waarin hy/sy na die Junie klubaand van elke fotojaar is.

4.4.5 Enige opbetaalde lid van AFO wat gedurende die kompetisiejaar aan 'n maandelikse kompetisie deelgeneem het, mag aan die kompetisie deelneem, ongeag of die lid die AFO-klub klubaand vergaderings bywoon of nie.

4.4.6 Inskrywings:

‘n Totaal van ses (6) beelde mag deur elke lid vir hierdie kompetisie ingeskryf word. Die ses (6) beelde wat ingeskryf word, mag SLEGS beelde wees wat reeds deur die afgelope fotojaar by klubaande ingeskryf en beoordeel is in een van die vyf vaste kategorië. Dit moet in dieselfde afdelings ingeskryf as waarvoor hulle gedurende die klubaande ingeskryf is:

- Natuur (geen voëls)
- Natuur (net voëls)
- Landskappe
- Piktoriaal Oop
- Sport

Enige foto wat in een van die vier roterende kategorieë ingeskryf is gedurende die fotojaar moet vir die Ses-van-die-beste kompetisie in die Piktoriaal Oop kategorie ingeskryf word.

4.4.7 Die sluitingsdatum van die kompetisie sal elke jaar op die AFO webblad en tydens die klubaande gekommunikeer word.

4.4.8 Beoordeling van inskrywings

Alle inskrywings vir die kompetisie sal deur ‘n paneel van ten minste drie (3) buite beoordelaars volgens PSSA salonstandaarde beoordeel word. Die

beoordeling sal gedoen word deur afstandbeoordeling (remote judging) of ‘n paneelbeoordeling (afhangende van die beskikbaarheid van beoordelaars) en elke beoordelaar sal elke beeld beoordeel uit ‘n puntetotaal van 15.

4.4.9 Toekennings

Alle beelde wat eerste, tweede en derde plekke gekry het in elke afdeling, sal tydens die AFO Jaarafsluitingsfunksie vertoon word en sal terugvoer van die beoordelaars ontvang.

Die volgende toekennings sal tydens die Jaarafsluitingsfunksie gemaak word:

Medaljes:

Goud, Silwer en Brons medaljes vir algehele wenners in elke afdeling ongeag die spesifieke stergroep.

4.4.10 Die bestuur mag enige verdere vereistes tot die Ses-van-die Bestes kompetisie byvoeg. Hierdie vereistes moet betyds en duidelik gekommunikeer word.

## 5. JAARLIKSE TOEKENNINGS BY DIE AFSLUITINGSFUNKSIE

### 5.1 ALGEMEEN

5.1.1 Die doel van hierdie prestige toekennings is om erkenning te gee aan die beste en mees suksesvolle fotograwe op alle vlakke van fotografie soos dit behaal is gedurende die AFO kompetisiejaar (1 Julie – 30 Junie) op interne sowel as eksterne vlakke.

5.1.2 Die wenners sal op grond van 'n puntestelsel bereken word. Alle punte wat gedurende die afgelope kompetisiejaar verdien is in die afdelings vir digitale beelde, salonpunte waarvan die uitslae in die AFO kompetisiejaar beskikbaar is, asook PSSA panele wat aanvaar is, sal deel vorm van hierdie kompetisie.

5.1.3 Die wenners van hierdie toekennings sal tydens die jaarlikse AFO jaarafsluitingsfunksie aangewys word.

### 5.2 MEESTE JAARPUNTE

- Toekennings:
  - Wenner – Wisseltrofee, Goue medalje en sertifikaat
  - 2de – Silwer medalje en sertifikaat
  - 3de – Brons medalje en sertifikaat
- Punte sal bereken word volgens die volgende formule:
  - Brons – 1 punt
  - Silwer – 2 punte
  - Goud – 3 punte
  - Meriete – 5 punte

- Klaswenner – 1 punt

## 5.3 MEESTE SALONPUNTE

- Toekennings:
  - Wenner – Wisseltrofee, Goue medalje en sertifikaat
  - 2de – Silwer medalje en sertifikaat
  - 3de – Brons medalje en sertifikaat
- Punte sal bereken word volgens die volgende formule:
  - Aanvaarding by nasionale salon - 1 punt
  - Aanvaarding internasionale salon - 2 punte
  - Meriete by nasionale salon - 2 punte
  - Meriete by internasionale salon - 3 punte
  - Medalje by nasionale salon - 3 punte
  - Medalje by internasionale salon - 4 punte

## 5.4 BESTE PRESTASIE IN PSSA IMPALATROFEE KOMPETISIE

- Toekennings:
  - Wenner – Goue medalje en sertifikaat
  - 2de – Silwer medalje en sertifikaat
  - 3de – Brons medalje en sertifikaat

## 5.5 BESTE MAANDELIKSE INSKRYWING

- Beste inskrywing van die jaar in elk van die vaste vyf afdelings:
  - Natuur (geen voëls)
  - Natuur (net voëls)
  - Landskappe
  - Piktoriaal Oop
  - Sport

- Toekennings in elk van hierdie vyf afdelings:
  - Wenner – Goue medalje en sertifikaat
  - 2de – Silwer medalje en sertifikaat
  - 3de – Brons medalje en sertifikaat

- Wenners sal aangewys word deur ‘n paneel van eksterne beoordelaars.
- Slegs beelde wat maandelikse klaswenners was sal in aanmerking geneem word.

## 5.7 JUNIOR EN SENIOR FOTOGRAAF VAN DIE JAAR

Junior Fotograaf van die Jaar (1 – 3 ster) en Senior Fotograaf van die Jaar (4 ster – Meester)

- Toekennings: (Junior en Senior)
  - Wenner - Wisseltrofee, Goue medalje en sertifikaat

  - 2de – Silwer medalje en sertifikaat
  - 3de – Brons medalje en sertifikaat

- Punte sal bereken word deur die volgende formule:
  - Jaarpunt:
    - Brons – 1 punt
    - Silwer – 2 punte
    - Goud – 3 punte
    - Meriete – 5 punte
    - Klaswenner – 1 punt
  - Salonpunte
    - Aanvaarding by nasionale salon - 1 punt
    - Aanvaarding internasionale salon - 2 punte
    - Meriete by nasionale salon - 2 punte
    - Meriete by internasionale salon - 3 punte
    - Medalje by nasionale salon - 3 punte
    - Medalje by internasionale salon - 4 punte
  - PSSA Panele ontvang gedurende die fotografiejaar
    - LPSSA – 5 punte
    - APSSA – 7 punte
    - FPSSA – 10 punte
    - EPSSA – 15 punte
    - MPSSA – 20 punte

## 6. ANDER TOEKENNINGS

Die Voorsitter en bestuur kan tydens die jaareindefunksie 'n aantal toekennings aan AFO-lede (fotograwe of helpers) maak, wat hulle op spesifieke wyses onderskei het.

### 6.1 Beste vordering:

Junior en senior lid.

### 6.2 Mees veelsydige fotograaf:

Junior en senior lid.

### 6.3 Voorsitterstoekenning

Die Voorsitter het jaarliks die reg om, na sy eie oordeel, 'n Goue medalje aan een of meer lede toe te staan vir voortreflike diens aan AFO gedurende die jaar.

### 6.4. AFO Goue Diensmedalje

Die bestuur mag besluit om 'n Goue Diensmedalje aan 'n lid toe te staan. Die lid moet egter aan die volgende vereistes voldoen:

- minstens 7 jaar lid van AFO wees

- minstens 3 jaar op die bestuur gedien het
- minstens 5 jaar diens aan AFO gelewer het, byvoorbeeld:
- praatjies by AFO en ander klubs,
- opgetree het as beoordelaar by AFO en ander klubs of salonne,
- AFO verteenwoordig het op komitees, bv. 'n interklubkomitee, salonkomitee, ens.
- dienste aan salonne gelewer het.
- fotografies aktief wees vir ten minste twee voorafgaande jare, sowel as die jaar waarin die medalje toegestaan word.
- Fotografiese prestasies is egter nie noodsaaklik vir hierdie toekenning nie.

## 6.5 Erelidmaatskap

Erelidmaatskap kan na goeddunke van die bestuur aan lede toegeken word sodra hulle die groep Grootmeester Brons behaal het.

## 6.6 Lewenslange lidmaatskap

Na goeddunke van die bestuur kan lewenslange lidmaatskap na 25 jaar aktiewe lidmaatskap aan lede gegee word. Lewenslange lede word van jaarlikse lidmaatskapsgelde vrygestel.